DAG 92-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

*Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank **in sy huis mag woon** om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel (Ps.27:4)*

AMPL - Psa 27:4 One thing have I asked of the Lord, that will I seek, inquire for, and [*insistently*] require: **that I may dwell in the house of the Lord [*in His presence*] all the days of my life,** to behold and gaze upon the beauty [*the sweet attractiveness and the delightful loveliness*] of the Lord and to meditate, consider, and inquire in His temple.

Psa 16:11 ….. versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.
Psa 18:6 … en my hulpgeroep voor sy aangesig het in sy ore gekom.
Psa 65:4 ….Ons wil versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis.
Luk 2:37 …..Sy het nie weggebly van die tempel nie, en met vaste en gebede God gedien, nag en dag.
Heb 10:25 en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.
1Kor 12:27 Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

Genadige Here, Help ons om die waarde te besef van "kerk" toe gaan, help ons om waarlik die liggaam van Jesus Christus te wees. Leer ons om nie die onderlinge byeenkomste na te laat nie, en die tye te koester in U teenwoordigheid. Een dag in U voorhof(teenwoordigheid) is beter as 'n duisend daarbuite.

Stof tot Nadenke…

Gebed is nie die enigste sleutel tot herlewing nie.
Verootmoediging alleen is nie genoeg nie.
Die soeke na God se wil is nie genoeg nie. Al bogenoemde is belangrik, maar berou wat veroorsaak dat ons terugdraai van ons verkeerde weë, is die eintlike vereiste. Geen herlewing kan plaasvind sonder berou en terugdraai van verkeerde weë nie. Ons moet eenvoudig terugdraai na God toe. **2 Kron. 7:14**
Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.

Onophoudelike Gebed:

O Vader, vergewe ons ons sonde want dit is groot…

DAG 93-Voorwaardes vir Herlewing: … DOEN

Act 17:28 want **in Hom** (1) **lewe ons**, (2)**beweeg** ons en (3) **is** ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.

AMPL - Act 17:28 For **in Him** : we **live**, and **move (to be stirred)** and **have our being**; as even some of your [*own*] poets have said, For we are also His offspring.

CEV - Act 17 :28 and he gives us the power
(1) to live,
(2) to move, and
(3) to be who we are.
"**We are his children**," just as some of your poets have said.

Col 3:3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.
MESSAGE - **Col 3:3** Your old life is dead. Your **new life**, which is your real life--even though invisible to spectators--is **with Christ in God**. He is your life.

Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en **ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my**. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Gal 2:20 …**I identified myself completely with Him**. Indeed, I have been crucified with Christ. **My ego is no longer central.**

Adonai (my Here en Regeerder), dankie vir die LEWE wat U ons kom gee het, IN U leef ons werklik (en oorleef nie net nie); In U wil ons beweeg en alles wat ons doen , wil ons doen volgens U wil, ONS HELE BESTAAN is aan U te danke en daarom vra ons U hulp dat ons sal seker maak dat U RAAKGESIEN WORD en nie ons nie, want IN U leef ons, beweeg ons en BESTAAN ons.

Stof tot Nadenke…

Die wêreld het die vermoë verloor om oor sonde te bloos; die Kerk het haar vermoë verloor om daaroor te huil. **Uittreksel: Revival prayer deur Leonard Ravenhill.**

Onophoudelike Gebed:

Vader, vergewe my my ongehoorsaamheid...

DAG 94-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

En jy, o mensekind, Ek het jou as **wag** oor die huis van Israel aangestel; en **as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.(doen)** As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, **en jy spreek nie** om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar **sy bloed sal Ek van jou hand eis**.
*Wanneer jy die goddelose **waarsku(DOEN)** oor sy optrede om hom daarvan te laat afsien, en **hy sien nie daarvan af nie**, dan sterf hy deur sy sonde en het jy **jou eie lewe behou** (Eseg.33:9).*

Eze 33:7-9 ….I have appointed you to stand watch …… So listen to what I say, then warn them for me.
….. you must warn them to turn from their sinful ways. But **if you refuse** to warn them, **you are responsible** for their death.
……**If you do warn them**, and they keep sinning, they will die because of their sins, and **you will be innocent.**

Bron van ons Verlossing, ons het 'n opdrag om dissipels te maak **(Matt 28:19)** maar vra dat U ons sal vul met u Heilige Gees **(Hand 1:8)** sodat ons U getuies kan wees en die sondaars rondom ons sal waarsku om hulle te bekeer.
*Help ons Vader dat ons nie skaam sal wees om te bely voor ons vriende en die wereld nie , want dan sal U ons NIE bely voor die Vader nie.**(Matt 10:32)***
Gee ons die vrymoedigheid en wysheid om die regte woorde te sê, asook die genade om nie te veroordeel nie. Laat ons die gelowiges en ongelowiges aanmoedig om hulle hele lewe aan U ondergeskik te stel.

Stof tot Nadenke…

Een uitwerking van herlewing is dat sondaars dadelik ophou met hulle sondige praktyke. – Jonathan Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Vader, vergewe my dat ek dink dat ek beter is as my broers en susters.

DAG 95-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

*Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle **die wil van God nie leer ken het nie** as dat hulle dit **wel leer ken het** en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is (2 Pet.2:21*).

MESSAGE - 2Pe 2:21 Better not to have started out on the straight road to God than **to start out and then turn back**, repudiating the experience and the holy command.

Jesus het ons geleer bid in **Mat 6:10** laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

God se wil is dat:

1. Almal gered sal word – Joh 3:16 ; Joh 1:12 en dat niemand verlore sal gaan nie – Joh 6:39
2. Gedoop en vervul sal word met die Gees – Hand 2:38
3. Ander dissipels sal maak – Matt 28:19
4. Dat ons sal werk in Sy "wingerd" – Matt 21:28-31 –
5. Dat ons Heilige sal lewe **- 1Pe 1:15-16**
6. Soos Jesus sal wees – en die wil van die Vader sal soek – Joh 5:30
7. Al Sy beloftes in besit sal neem – Heb 10:36

As ons God se wil doen:

Mat 12:50 Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder.

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal **ingaan in die koninkryk** van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Genadige Vader, ons erken dat ons weet wat reg en verkeerd is, want baie van ons het in Christelike huise grootgeword, maar steeds draai ons ons rug op u Woord, omdat die wêreld ons oë verblind met sy eie stel waardes. Vergewe ons asseblief en wees ons genadig. Ons vra dat Uons sal help terugkeer na u bevele.

Stof tot Nadenke…

Diegene wat weet dat hulle in die teenwoordigheid van 'n heilige God is, is altyd bewus van persoonlike sonde.
Uittreksel: Revival a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Vader, mag ek nooit my rug op U keer nie!

DAG 96-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

*As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong **weerhou** van kwaadpraat en sy lippe van leuens. **Bly weg** van die kwaad af en **doen wat goed is**, soek vrede en jaag dit na (1 Pet.3:10-11). Ps 34:12-13*

AMPL -1Pet 3:10 For let him who wants to enjoy life and see good days [*good--whether apparent or not*] keep his tongue free from evil and his lips from guile (treachery, deceit).

MESSAGE - 1Pet 3:10 Whoever wants to embrace life and see the day fill up with good, Here's what you do: Say nothing evil or hurtful;

Tit 2:3 Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee,

Tit 3:2 Hulle moet van niemand kwaadpraat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet inskiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal.

Someone who gossips is telling more about themselves than about others

Here vol ontferming, ons erken dat dit vir ons lekker is om te skinder. Baie keer praat ons sleg van 'n persoon en tas ons sy integriteit aan. Vergewe ons asseblief hiervoor, en help ons om nooit kwaad te praat van ander mense nie. Help ons besef dat as ons skinder of kwaad praat doen ons , ons eie getuienis MEER sakade aan , as die persone van wie ons gepraat het

Stof tot Nadenke…

O God, gee vir my 'n diepe nederigheid, 'n goed-geplaasde ywer, 'n brandende liefde en 'n gefokusde uitkyk, en laat mense en duiwels dan maar hulle ergste bring. – George Whitefield.

Onophoudelike Gebed:

Vader, vergewe my vir my onrein lippe.

DAG 97-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

1Pet 2:9 Maar julle is……:
1. 'n uitverkore geslag, (a **chosen race)**
2. 'n koninklike priesterdom, (a royal priesthood)
3. 'n heilige volk, (a dedicated nation...,)
4. 'n volk as eiendom verkry, ….[*God's*] own purchased, special people.

….om **te verkondig** die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

AMPL ….that you may **set forth the wonderful deeds** and display the virtues and perfections of Him Who called you out of darkness into His marvelous light.

MESSAGE: - 1Pet 2:9 But you are the ones chosen by God, **chosen for the high calling** of priestly work, chosen to be a holy people, …….God's instruments to **do** his work and **speak out for him**,…..to **tell others** of :

…… **the night-and-day difference He made for you--**
1. **from nothing to something, (vers 10)**
2. **from rejected to accepted.**

Liefdevolle Vader, ons bely dat ons nie altyd besef hoe spesiaal ons is, en wat U ons **Gemaak** het om te wees, **Gekies** het om te wees, en **Geroep** het om te wees; Ons het ook nagelaat om te VERKONDIG wat U vir ons gedoen het; Ons wat voorheen NIKS was nie, het nou in CHRISTUS , IETS geword, en ons wat voorheen Verwerp was, het nou in Christus aanvaarding gekry..

Stof tot Nadenke…

Enigiets wat God se Gees bedroef sal ons pogings om te soek na herlewing in die wiele ry. **Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.**

Onophoudelike Gebed:

Vader, vergewe my waar ek van die waarheid afgedwaal het..

DAG 98-Voorwaardes vir Herlewing: …DOEN

Gen 39:12 Toe gryp sy hom aan sy kleed en sê: Kom hou gemeenskap met my. Maar hy het sy kleed in haar hand laat agterbly en **gevlug en na buite geloop**.

Hebrew – "**noos**" - to flit, ; to vanish away ; to subside, to escape; to chase, to deliver; to be displayed, cause to flee away, to put to flight, **to lift up a standard.**

1Tim 6:11 Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.

1Tim 6:11 But you, … man of God: **Run for your life** from all this. Pursue a righteous life--a life of wonder, faith, love, steadiness, courtesy. **Run hard and fast in the faith.** Seize the eternal life, the life you were called to, the life you so fervently embraced in the presence of so many witnesses.

Soewereine Here, ons bely dat ons steeds wêreldse dinge verdra en lees, en daarna kyk en luister, terwyl dit openlike onsedelikheid bevat - en dit terwyl ons voorgee om U kinders te wees! Vergewe ons asseblief en verlos ons, sodat ons kan wegdraai en wegvlug van hierdie verkeerde dinge. Laat ons rein wees om U alleen te dien.

Stof tot Nadenke…

Wanneer God kom in herlewing, dan kom Hy as 'n verterende vuur. Wanneer Hy as 'n verterende vuur te midde van sy mense kom, kan herlewing vir baie mense en kerke baie pynlik wees. **Uittreksel: Fresh Encounter deur Henry Blackaby en Claude V. King.**

Onophoudelike Gebed:

Heilige Gees, help my om terug te draai van my verkeerde weë.

GEDAGTE VIR WEEK

Die diepe herlewing van die leierskap in die Koreaanse Kerk het dadelik 'n impak gehad op beide die kerke en die gemeenskappe wat die kerke prober bereik het. Soos wat die kerke herleef het, is hulle beetgepak met 'n brandende begeerte om die verlorenes in hulle gemeenskap te bereik. Herleefde kerke het orals begin sien hoedat 'dronkaards, dobbelaars, egbrekers, moordenaars, diewe, selfbehaaglikes, Confusianiste en ander' verander in nuwe skepsels in Christus. – Korean Revival, 1907.

SELGROEP 14 -

1. Wat het jou die week die meeste geraak ?_____
2. Lees Hand 7:51 - Hoe verstaan jy onder die woord: " julle weerstaan altyd die Heilige Gees; " – **BESPREEK ?**

Grieks = "**anti +pipto** " = om in kontras te wees met ; om te vervang ; om te opponeer , om te weerstaan ; light on.

Amplified - actively resisting the Holy Spirit.
Messsage - Deliberately **ignoring the Holy Spirit**, ……
Lees: ***Exod. 33:3,5; Num. 27:14; Jes 63:10; Jer 6:10; Jer 9:26.***

3. **Lees: Efes 4:30** : **Wat verstaan jy onder " En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, "? BESPREEK**_____
4. **Wanneer dink jy BEDROEF ons die Heilige Gees?**_____

Greek – "lupeo" - to distress; to be sad ; cause grief, grieve, be in heaviness, (be) sorrow(-ful), be (make) sorry. - grief, grievous, + grudgingly, heaviness, sorrow.

AMPL - Eph 4:30 And **do not grieve** the Holy Spirit of God **[*do not offend or vex or sadden Him*]**,
MESSAGE - Eph 4:30 Don't **grieve** God. Don't **break his heart**. His Holy Spirit, moving and breathing in you, is the most intimate part of your life, making you fit for himself. Don't take such a gift for granted.

5. *WAT VERSTAAN JY ONDER* - 1Thess 5:19 **Blus** die Gees nie uit nie.?_____
Message - 1Th 5:19 Don't **suppress** the Spirit,
AMPL - 1Th 5:19 Do not **quench (**suppress or subdue) the [*Holy*] Spirit;
WANNEER ONDERDRUK / BLUS ons die GEES?

6. **WAT IS DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES ?**
Mat 12:31 Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.
Mat 12:31 "There's nothing done or said that can't be forgiven. But if you deliberately persist in your slanders against God's Spirit, you are repudiating the very One who forgives.

Greek – "blapto" – to say/do things to hinder, to injure , to hurt.